



SA BOERPERD TELERSGENOOTSKAP

## NUUSBRIEF

Februarie 2016

Boerperd Vriende

Met 2016 se eerste SA Boerperd skoue om die draai, die eerste SANESA skoue agter die rug, asook die keurings wat gefinaliseer word, is almal teen die tyd al volstroom aan die gang. Al die inligting wat julle nodig sal hê, is op die webblad beskikbaar en sal later in die Nuusbrief verduidelik word, waar nodig.

Ons wil almal graag versoek om hulle vullens waar moontlik, elektronies aan te teken. Dit maak die las in die kantoor baie ligter en die prosedures is reeds in die vorige Nuusbrief uiteengesit.

Die Raad is tans almal hard aan die werk met opwindende nuwe projekte. Streekvertegenwoordigers wat aan die klubs terug rapporteer, behoort daarvan te kan getuig dat almal inderdaad net hulle beste doen. Indien u 'n bydrae wil maak, doen dit dus asb. op 'n positiewe en opbouwende wyse. Almal wat hier werk het hulleself beskikbaar gestel om tot die Raad verkies te word en die werk te doen sonder enige vergoeding.

Ons kan nie wag om ons nuwe SA Boerperd Communicator aan u bekend te stel nie! Ons glo dat dit die kommunikasie tussen die Raad, Kantoor en Lede baie sal vergemaklik met die druk van 'n knoppie. In ons gejaagde lewe het almal altyd hulle selfone byderhand en hiermee gaan u dan ook die SA Boerperd inligting oral met u kan saamdra deur die program op u selfoon af te laai. Hierdie is dus waarskynlik die laaste kort Nuusbrief wat u in hierdie formaat sal ontvang.

Baie sterkte vir die jaar vorentoe. Kom ons kyk of ons 2016 die jaar kan maak waarin ons werklik begin saam werk tot voordeel van ons ras. 'n Ketting is slegs so sterk soos sy swakste skakel.

Groete

Frikkie Combrink

Petro Grové



## SA STAMBOEK & DEPARTEMENT DIERGESONDHEID

### CEM

Daar was 'n sekere aantal vrae in verband met CEM. Die proses is nog in die onderhandelingsfase. N.a.v. 'n Perde-forum gehou op 3 Februarie 2016, is 'n komitee saamgestel wat verder met die Departement Diergesondheid gaan onderhandel in die verband. Die kans is skraal dat dit totaal afgeskaf sal word binne die afsienbare toekoms. Bereken op getalle van ALLE geregistreerde perde die land, is SA tans 95% skoon van CEM. Daar is egter kontinue data in die verband van alle rasse nodig om aan die buiteland te bewys dat die siekte nie hoogty vier in die RSA nie. Dit raak veral invoer- en uitvoerprosesse in die perdebedryf. Daar is reeds planne op die tafel wat die toetsing behoort te verminder, maar ons sal dit aan u deurgee sodra dit skriftelik bevestig is. Soos u almal weet, is die staatsdepartemente se papier geduldig.

### PASPOORTE

Ons SA Boerperd paspoorte is geldig in alle dissiplines, asook vir binne en buite skoue sowel as reis. Indien u vanuit/na of na/vanuit 'n perdesiekte-vrye sones reis, is dit egter belangrik dat alle tersaaklike inentings, sowel as die perd se identiteit deur 'n veearts bevestig, geteken en korrek ingevul is. Reispermitte is slegs geldig vir 14 dae. Dokumentasie wat korrek ingevul is, sal nie deur inspekteurs van die hand gewys word nie. Indien u vrae in die verband het, kan u Danielle Pienaar van die *Departement Diergesondheid* skakel by 082 936 3604. Sy is by magte om die relevante owerhede.

## KEURINGS

Tydens die AJV 2015, is bespreek dat daar moontlik vanjaar ook tydens ons Nasionale Kampioenskappe in Parys Afri-Dome, 'n hings-keuring teen verlaagde kostes aangebied sal word. Daar was egter 'n voorwaarde dat daar minstens 10 hingste moes aansoek doen vir daardie venue. Daar was slegs 6 aansoeke en daarom sal daar GEEN HINGSKEURING TYDENS DIE SA KAMPIOENSKAPPE plaasvind nie. Tydens die onlangse Keurdervergadering, is besluit om ook die merrie/reun keurings liefsoos in die verlede te doen. Alle eienaars wat hierdeur geraak is, is reeds in kennis gestel van die plek en datum van keuring. So bepaal ons ons dan tydens die Nasionale Kampioenskappe by dit waarvoor ons daar is, nl. om te skou.



Alle inligting rakende keuringstoere en keurders, is op die webblad beskikbaar. Gaan na: [ADMINISTRATIVE > INSPECTION](#) > rol af tot by die tabelle.

Daar is 2 verdere skakels met meer detail, nl.:

[Hingskeurings 2016](#) en [Merrie en Reun keurings 2016](#).

## REKLAME & BEMARKING

Kyk uit vir die Landbou Weekblad van 11 Maart 2016 vir SA Boerperd uitslae van die Nasionale Kampioenskappe 2015. Daar is ook 'n artikel wat in Mei 2016 in HQ Pony geplaas gaan word. ALMAL is welkom om artikels vir plasing in die media aan die Raad te stuur.

LET WEL: Alle plasings wat in amptelike hoedanigheid van die SA Boerperd ras geplaas word, MOET eers deur die Raad goedgekeur word voor plasing. Dit sluit die foto-uitslae van streekkampioenskappe in.

Daar word 'n reeks reklame flitse vir Facebook ook beplan. Ons versoek dat u positief daarop sal reageer deur dit met al u facebook vriende te deel sodra u dit ontvang. U sal weet dat dit 'n amptelike flits is deur die SA Boerperd Logo wat daarmee saam sal verskyn. So kan ons almal deel in die bemarking van ons ras in geheel.



## FOTO'S

Ons versoek dat ook weereens dat u alle goeie foto's, ou foto's, video's, ou artikels ens. elektronies aan [petrogrove@mweb.co.za](mailto:petrogrove@mweb.co.za) sal stuur vir bewaring in die argief, asook om die webblad se foto's onder die OPSKRIF: FOTO'S op te dateer. Gaan kyk gerus daar hoe oud is al die foto's! Vir webblad doeleindes, moet dit asb. goeie kwaliteit elektroniese foto's wees.

Indien ons die geskiedenis van ons ras wil dokumenteer, is dit nodig dat alle inligting bymekaar gemaak sal word, ook die ou materiaal. Ons doen daarmee saam ook 'n beroep op die organiseerders van alle Streekkampioenskappe om ten minste video-opnames van die kampioenskapsklasse te maak, indien dit te duur is om die hele skou te dokumenteer. Die videomateriaal kan in die toekoms ook vir reklame doeleindes gebruik word en die beligting buite is beter as die beligting in die Afri-Dome wat sal sorg vir beter kwaliteit beeldmateriaal. Nader gerus u plaaslike fotografe of selfs studente in videografie in die verband.

## JOERNALE

Daar is verder ook 'n projek van stapel gestuur waar alle vorige joernale wat ooit sedert die stigting van die SA Boerperd Genootskap verskyn het bymekaar gemaak en op die webblad aan u beskikbaar gestel gaan word. Op hierdie manier, kry u dan die geleentheid om dit gratis af te laai, te laai uitdruk op die papier van u keuse en te laat bind in een groot en dik koffietafel boek. Wees net asb. geduldig – dit neem tyd!

## KOMMUNIKASIE

Ons is baie opgewonder om te kan bekend maak dat u vanaf 1 Maart 2016 die eksklusiewe SA BOERPERD COMMUNICATOR vanaf ons webblad op u selfoon en/of rekenaar sal kan aflaai. Dit is 'n program (APP) wat op dieselfde basis as die bekende D6 Communicator, wat deur alle skole gebruik word, werk. Die meeste van ons kommunikasie sal in die vervolg hierdeur plaasvind. Dit vervang dan ook ons kalender wat voorheen jaarliks gedruk is. U kan die datums op die kalender ook aanpas en u eie daarby voeg sodat u dit op 'n daaglikse basis kan gebruik. Dit het dieselfde funksies as die kalender wat u as APP kan aankoop. Die voordeel van ons SA Boerperd Communicator is egter dat u dit **heeltemal gratis** van die webblad kan aflaai. Doen dit so:

SA BOERPERD



COMMUNICATOR

Op u selfoon:

Teken deur die internet op u selfoon aan op die SA Boerperd webblad: [www.saboerperd.com](http://www.saboerperd.com). Klik op die logo soos hierbo om te installeer.

Op u rekenaar:

Teken d.m.v. u rekenaar en deur die internet aan op die webblad: [www.saboerperd.com](http://www.saboerperd.com). Klik weereens op die logo soos hier aangedui en installeer.

Die *communicator* gaan die volgende funksies oorneem:

- ☐ Rekenaar applikasie
- ☐ Selfoon applikasie
- ☐ E-posse
- ☐ Sms'e
- ☐ Nuusbriewe
- ☐ Nuusflitse
- ☐ Foto's
- ☐ Skou-reëls
- ☐ Advertensies.



U kan nou op 'n daaglikse basis op hoogte bly van alles wat u moet weet. Indien 'n belangrike boodskap deurgegee word, sal dit in rooi op 'n selfoon / rekenaar flits. Die boodskappe word gestoor en u kan altyd weer later daarna kyk. Dit word ook elke week saamgevat en aan u ge-e-pos in die vorm van 'n nuusbrief.

### SPESIALE AANBOD!!!!

U het NOU die geleentheid om u stoet, veiling, perde, ens. ook teen 'n fooi aan lede te adverteer. Indien u 'n kalender maand wil borg teen 'n koste van R 600.00 per maand, is u welkom om geskikte foto's aan die Petro Grové te stuur vir plasing.

Mpumalanga Streek (Hoëveld klub) was reeds eerste in die ry om die nuwe program in te wy in die maand waarin hulle skou.

U kan ook op rol wat onder aan elke bladsy verskyn, adverteer teen R100 per maand.

Gou spring: daar is net 10 plekke per maand beskikbaar!

[petrogrove@mweb.co.za](mailto:petrogrove@mweb.co.za)

## SKOUKLASSE EN –Reëls - WEBBLAD

[www.saboerperd.com](http://www.saboerperd.com) > ASMINISTRATIVE > RULES & REGULATIONS

### SKOU-REËLS

Daar is veranderinge t.o.v. die skou-reëls en kruisinskrywings op die AJV 2015 aanvaar. Gaan vergewis uself asb. daarvan VOOR u gaan skou. Daar is baie werk ingesit om dit betyds gereed te hê. Let asb. daarop dat dit vanaf die eerste SA Boerperd skou / streekkampioenskappe ten volle geïmplementeer gaan word:

- ▲ Gebit vir in-hand skou-klasse (geen aanjaers)
- ▲ Geen kruis-inskrywings t.o.v. Vertoonperd, Tradisionele Plesierperd, Tradisionele 3-gang en Universele klasse word toegelaat nie.
- ▲ Die volgende kleredrag word **ten sterkste aanbeveel** vir eenvormigheid en netheid in klasse, maar is **nog nie verpligtend** nie:
  - ~ VERTOONPERD & 5-GANG KLASSE: SA Boerperd tipe rypak, met “kentucky-tipe” rybroek;
  - ~ TRADISIONELE PLESIERPERD: jodhpurs en skoubaadjie;
  - ~ TRADISIONELE 3-GANG: jodhpurs en skoubaadjie;
  - ~ UNIVERSELE KLASSE: jodhpurs en skoubaadiie (verpligtend);
  - ~ SKOUSPRING: Formele skoudrag OF hemp met moue en kraag met khaki, room of wit jodhpurs.
- ▲ Alle inskrywing met die uitsondering van Wes-Kaap Streekkampioenskappe en HOY, vind elektronies op die webblad plaas.

### VEILINGS – 'n NUWE DIENS AAN TELERS

Met die elektroniese inskrywings van skouklasse, sal daar voortaan ook voorsiening gemaak word dat u op die elektroniese inskrywingsvorm sal kan aandui watter perde wel in die mark is. Die perde sal



ook op die program en deur die aankondiger aangedui word tydens die skou. Gedurende die skou sal daar dan 'n stil veiling van perde plaasvind en die bod op die hoogste bie toegeslaan word. Die verkoper sal vir 1% kommissie op die verkoopprijs deur die SA Boerperdgenootskap gefaktureer word, soos by alle ander veilings wat onder beskerming van die genootskap plaasvind.

#### MEESTER KLASLYS

Daar is 'n nuwe meesterklaslys ook op die webblad beskikbaar. ALLE moontlike kombinasies, asook minimum klasse word daarin uiteengesit. Daar is 'n paar klasse bygevoeg op aanvraag aangesien 'n klas nie voor ingeskryf kan word sonder 'n rekenaarnommer nie. Let op die volgende:

- ▲ Daar is MIMINUM KLASSE wat verpligtend is by ALLE kampioenskappe;
- ▲ GEEN KIND ONDER 12 JAAR mag enigsins as koetsier in enige skou-klas optree nie. Dit is ook van toepassing waar kinders wel opgegradeer het om hingste in 0/19 klasse te kan ry.

#### DISSIPLINÊRE KODE

Die dissiplinêre kode en prosedures is onder aan die webblad onder Bylae C2 bygevoeg. Lees dit asb. noukeurig deur om onnodige ongelukkigheid te spaar/ Dit is nie daar om u bang te maak nie, maar wel om u veilig te laat voel binne die gestelde reëls en strukture.

#### NOMINASIE VAN BEOORDELAARS

Die prosedure t.o.v. die nominasie van beoordelaars is beskikbaar aan klubs onder aand dieselfde webblad onder Bylaag K. Let daarop dat daar besluit is dat EEN van die 3 tradisionele beoordelaars van elke jaar weer in die daaropvolgende jaar weer genomineer kan word vir beoordeling tydens die Nasionale Kampioenskappe. Die doel daarvan is om kontinuiteit t.o.v. die standaard van beoordeling te bewerkstellig.



#### JEUGAKSIE 2016

Die Jeugraad, sowel as hulle mentors het gestem dat ons hierdie jaar tydens die SA Boerperd Nasionale Kampioenskappe weer 'n Musikale Ekstravaganza sal aanbied. Dit werk soos *strictly come showing*, waar formasies op maat van musiek gery word deur skouprosedures, nie dresseer passies nie, te gebruik. Versierings en kleur is toelaatbaar, solank alle ruiters 'n harde hoed en gepaste skoene met 'n hak, dra.

Hierdie jaar kry die Jeug van elke provinsie die geleentheid om dit in klubverband en as vermaak aan die gehoor te wys, tesame met hulle mentors wat so hard saam met hulle werk. Die beplanning en oefening hiervan vind dan ook plaas tydens die jeugbyeenkoms op elke streekkampioenskap. Elke streek/klub kry maksimum 10 minute tyd vir hulle program. Die mentors in elke streek sal met die Jeug skakel in die verband.

**LEKKER OEFEN EN LEKKER SKOU!**